DBV sê ...
VERSORGING VAN HOENDERS



Uitgereik deur die Nasionale Raad van DBVs

Posbus 1320, Alberton 1450 – Tel: (011) 907-3591 – Faks: (011) 907-4013 - e-pos: nspca@nspca.co.za

ONS DRUK OP HERWINBARE PAPIER – EN JY?

DBV sê ...
VERSORGING VAN HOENDERS

- Jong of babahoenders word KUIKENS genoem.
- Volwasse vroulike hoenders word HENNE genoem.
- Volwasse manlike hoenders en word HANE genoem.

SKUILING EN VERSORGING

- As hoenders in 'n hok aangehou word moet hulle teen die weer beskerm word – reën, hael, koue winde en direkte son.
- Baie warm weer of koue, klam nat weer kan gevaarlik wees vir hoenders en hulle kan ly en vrek. Selfs al sou hulle nie vrek nie, sal hulle nie so gesond en sterk wees as wat hulle behoort te wees nie.
- In warm gebiede moet die lug vrylik deur die hok kan beweeg om die hoenders koel te hou. VENTILASIE vir hoenders IS BELANGRIK.
- Minstens die helfte van die hok moet onderdak wees. (As die dak van metaal gemaak is, moet dit met gras of ander materiaal, bedek wees om te verhinder dat die metaal te warm of te koud word.) Twee kante van die hok moet toegemaak wees om die hoenders te beskerm teen reën, koue winde en son.
- Hoenders moet 'n warm, droë slaapplek hê. Dit is raadsaam om slaapstokke te voorsien waarop hulle snags kan slaap.
- Hoenders in 'n hok kan nie wegkom van ander diere soos honde nie. Maak daarom seker dat die hok veilig en die hoenders teen ander diere beskerm is.
- *As een hoender siek is of beseer word moet dit weggeneem en op sy eie in 'n veilige droë plek gehou word. Dit moet baie spesiale sorg ontvang totdat dit weer gesond is. As die hoender baie siek of erg beseer is, sal dit beter wees om dit op 'n menslike manier te slag.*
- MOET NOOIT 'n beseerde hoender by die ander hoenders in 'n hok laat nie want hulle mag dalk die beseerde hoender doodpik.
- *Klein / swak hoenders moet apart aangehou, gevoer en versorg word.*

TEEL

- Dit neem omtrent 21 dae vir die eiers om uit te broei.
- Daar moet 'n warm, droë, beskermde ruimte of nes wees waar die hen haar eiers kan lê.
- Sit gras in die nes om die eiers skoon en warm te hou en te voorkom dat hulle kraak.
- Die hen sal dikwels onwillig wees om die nes te verlaat om kos en water te soek. Sit kos en water naby haar waar sy dit kan bykom.
- Die nes moet naby of op die grond wees sodat die kuikens veilig in en uit kan kom wanneer hulle uitbroei.
- Die hen sal baie beskermend wees teenoor haar kuikens en dit is beter om hulle apart van die ander hoenders te hou totdat hulle groot en sterk is. Hulle moet te alle tye water en kos hê, b.v. Groeimeel of Chick Chick No. 1.
- MOET NOOIT te veel hoenders in een hok aanhou nie. Hulle moet ruimte hê om vrylik te kan rondbeweeg en hul vlerke uit te strek. Dit is die beste om hoenders in klein groepies van 20 aan te hou. Dit help om bakleiery en kompetisie, selfs tussen die henne, te voorkom.
- Moenie net hane aanhou in 'n hok nie want hulle sal baklei.
- Moenie meer hane as henne aanhou nie want die hane kan die henne beseer deur te dikwels met hulle te paar.
- Vir elke 10 henne kan een haan aangehou word.
- Hane moet net so groot soos die henne wees. As hulle veel groter is, kan hulle die henne tydens paring beseer.

WATER

- Hoenders moet altyd skoon, vars drinkwater hê.
- Elke hoender het minstens 100 ml drinkwater per dag nodig.
- In warm weer het hulle meer drinkwater nodig om te help om hulle koel en hul aptyt te behou.
- Die water moet in die koelte neergesit word sodat dit nie warm word nie.
- Om te voorkom dat die hoenders sand en ander vullis in die water in skrop, moet die bak op 'n paar stene of op plat klippe neergesit word.
- Die rand van die waterbak moet laag genoeg wees sodat klein kuikentjies die water kan bykom, maar nie so diep dat hulle sal verdrink nie.
- Maak die bak aan die kant van die hok vas, of sit 'n skoon klip in die bak sodat dit nie omgegooi en die water vermors word nie.
- Die waterbak moet elke dag skoongemaak en hervul word.

VOER

- Hoenders kan oorskietkos soos mieliepap, brood, groente en mielies eet. Kommersiële hoenderkos is baie goed, byvoorbeeld Lêmeel, Groeimeel of Chick Chick No. 1.
- Sommige soorte kos, byvoorbeeld hard pampoen, moet in stukkies gesny en gekook word om dit sag genoeg te maak vir die hoenders om te eet. Hoenders het 'n behoorlike, gemengde dieët nodig om gesond te bly.
- As daar meer as 10 hoenders in 'n hok is, moet die kos in twee houers gesit word sodat elke hoender 'n deel kan kry. Dit is ideaal om te alle tye 'n bak met hoenderkos in die hok te wees.
- Lig die kosbak bokant die vloer of laat dit van die dak afhang (laag genoeg sodat die kuikens dit kan bykom). Om te voorkom dat die hoenders in die kos trap.
- Om sterk, gesonde eiers en kuikens te produseer, het henne kalsium nodig. Indien henne kommersiële lêrantsoene ontvang nie, moet hulle toegang hê tot kalksteengruis of oesterskulpe of gereelde klein hoeveelhede beenmeel (vleissaagsels).
- Kos moet altyd droog gehou en beskerm word teen die reën of dit kan versuur en so vermors word.
- Bakke moet gereeld skoongemaak en ou / vuil kos verwyder word.

HIGIËNE

- As hoenders in vuil hokke aangehou word, kan dit hulle siek of ongesond maak.
- Hokvloere moet minstens een ker per week skoongemaak word.
- Gras op die vloer sal help om 'n deel van die hoenders se mis te absorbeer, veral as dit onder die slaapstokke geplaas word. Ou gras moet weekliks met nuwe gras vervang word.
- Gras en ander beddegoed in die nes moet ook minstens een keer per week met skoon gras vervang word. Die hokvloer moet ook skoon gehou word aangesien hoenders daarvan hou om in die sand te lê en daarin te rol (stofbad). Dit help om hulle vere skoon te hou en beheer parasiete soos myte en luise.
- Dit is belangrik dat die vloer van die hok skuins moet wees sodat water kan afloop en die hok dus droog kan bly.
- Indien water in die hok opdam, is dit belangrik dat 'n voor gegrawe word om die water uit die hok te lei sodat die vloer kan uitdroog.